**21 Desember**

**U is my enigste hoop!**

**Skrifgedeelte: Psalm 39:1-14**
**Fokusgedeelte: Psalm 39:8**

Dit is onvermydelik dat jou lewenspad soms met duwweltjies besaai is. ’n Gevolg van jou eie dwaasheid? (Ps 39:12). Mense wat jou lewe versuur? (Ps 39:2, 9). Siekte en oudword wat jou kragte laat ingee? (Ps 39:11). Baie dinge kan soos ’n brandpyn in jou word.

Hoe reageer jy as teëslae jou tref? Ongeduldig? Opstandig? Moedeloos? Verbitterd? Vol vertwyfeling? Dit is almal reaksies wat jou van die wal in die sloot help!

Gelukkig het Dawid in sy talle teëslae ’n vaste anker gehad: “U is my enigste hoop!” Hy besef met helder eerlikheid hoe magteloos hyself is. God kan hom egter uit al sy probleme verlos.

Vandag weet ons nog meer: Ons hoop is nie maar net ’n kwessie van “mag dit tref nie”. Om te glo, is om te vertrou. Deur in Christus te glo, bring ’n heerlike sekerheid (Heb 11:1), al verstaan ons nie altyd waarom dinge met ons gebeur nie (1 Kor 13:9, 12). Ons wéét ons het deur Jesus Christus God se eiendom geword (1 Pet 1:19; 1 Pet 2:9, 10). Christus is ons Voorspraak by die Vader (1 Joh 2:1). Die Heilige Gees bid vir ons (Rom 8:27).

Jy kan ’n vreugdevolle nuwe lewe lei (Tit 3:5; 1 Pet 1:3). Ons is verlos van Satan en kan hom selfs op vlug laat slaan (Jak 4:7). Alles werk ten goede mee vir dié wat God liefhet – al verstaan ons dit nie aldag nie (Rom 8:28). Beproewing verdiep jou geloof (1 Pet 1:6, 7). Uiteindelik wag daar vir jou ’n oorwinnaarskroon (2 Tim 4:8; Heb 12:1-3).

Hoeveel heerlikhede ontsluit die hoop in God nie!

*Sing Psalm 42:1, 5, 7 (1936-beryming)* *Ds. Peet Duvenage (Emeritus)*